Klipkerk *Lectio Divina*

In die week ...

Jy word genooi om die *journey* rondom die week se Skrifgedeelte voort te sit. Die volgende praktyk mag jou hierin help:

Preparation

Vind vir jou 'n stil plek – en sny jou af van stimulasie (selfoon, televisie, radio, geraas).
Doen wat jy nodig het om teenwoordig te wees.
Baie mense vind dit voordelig om te konsentreer op hulle liggaam – om bewus te word van die stoel waarop jy sit, of om te konsentreer op jou asemhaling.
Sit in 'n posisie wat jy gemaklik kan volhou vir 'n hele tydjie.

Passage

Lees die Skrifgedeelte vir die eerste keer deur – stadig en aandagtig.

> En een van die skare sê vir Hom: Meester, sê vir my broer dat hy die erfenis met my moet deel. Maar Hy antwoord hom: Mens, wie het My as 'n regter of deler oor julle aangestel? En Hy sê vir hulle: Pas op en wees op julle hoede vir die hebsug, want iemand se lewe bestaan nie uit die oorvloed van sy besittings nie. Toe vertel Hy hulle hierdie gelykenis: 'n Ryk man se grond het goed gedra. En hy het by homself geredeneer en gesê: Wat sal ek doen, want ek het geen plek waar ek my oes kan insamel nie? Toe sê hy: Dit sal ek doen: ek sal my skure afbreek en groter bou, en ek sal daar al my opbrengste en my goed insamel. En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie.
> **Lukas 12:13-21 AOV**

Lees die Skrifgedeelte vir 'n tweede keer deur.
Watter woord, konsep of beeld staan vir jou uit en tref jou hart?

Ponder

Reflekteer op dit wat na jou toe gekom het uit die Skrifgedeelte.
Hoe word my lewe hierdeur geraak?
Hoe sal dit lyk, voel en wees as ek dit leef?
Wat het ek nodig om dit te doen?

Prayer

Reageer met 'n persoonlike en spontane gebed.

Peace

Word vir 'n vasgestelde tyd (begin met 10 minute) stil.
Bring jou gedagtes, hart en gemoed tot stilte – waar jy net saam God kan wees – bewus van sy liefdevolle teenwoordigheid.

Om innerlik stil te raak, kan een van die volgende maniere jou help:

* herhaal 'n kort gebed (bv. die Jesus-gebed: "Jesus Christus, Seun van God, wees my, sondaar, genadig" of "Maranatha – kom, Here Jesus")
* keer eenvoudig terug deur 'n gebedswoord (bv. Jesus, liefde, Vader, Immanuel) wat jou intensie bevestig om by God te rus sodra jy daarvan bewus word dat jou gedagtes dwaal.

Prayer

Kom stadig uit die stilte met 'n gebed.
Die Onse Vader gebed (Mattheus 6:9-13) word deur baie gebruik om af te sluit.

Weeklikse tye vir *Lectio Divina* in Klipkerk:
Maandae tot Donderdae 12h00
Sondae 18h00

mosaiek
t: 011 268 4700 / f: 011 268 4800
jacquesb@mosaiek.com / www.mosaiek.com
posbus 1658, fairland, 2030 / daniellestraat (af van Davidson / 14de laan), fairlands
© Opgestel deur: Jacques Bornman